**3 Desember**
**Skrifgedeelte: Markus 10:35-45**
**Fokusgedeelte: Markus 10:45**

## Hy het gekom om te dien

"Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien." Met hierdie woorde keer Jesus Christus 'n hele wêreldorde om. Die Griekse beskawing het ook so-iets soos diens erken, maar slegs die diens aan die staat was vir die Griek nie laakbare diens nie. Plato het gesê: "Hoekom kan 'n mens gelukkig wees as hy 'n ander moet dien? Die Romeine het net die teenoorgestelde van wat Jesus geleer beoefen. Die magtiges, die heersers het gesorg dat hulle gedien word. Die hoogste in rang en status het die meeste agting geniet en moes dus deur die onderhoriges gedien word. Hierdie orde keer Jesus nou radikaal om. Daar was niemand wat groter mag en heerskappy besit het as Jesus nie. Voor Sy hemelvaart het hy verklaar: "Ek besit baie mag in hemel en op aarde." Tog verklaar Hy hier: "Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie." Hy trek 'n streep deur die strewe om voorrang bo ander mense te geniet en oor hulle te heers. Die hele gedagte om die meeste of hoogste te wil wees deur jou te laat dien, is uit die bose, dit is ontleen aan die filosofie van Satan. God se gedagtes van grootheid is dié van nederige diens. "Die Seun van die mens het gekom om te dien." Soos een wat dien, staan Hy tussen sy tydgenote. Ons kan ons skaar selfs melaatses voorstel. As Hy 'n heerser was soos die van die wêreld, sou Hy op hulle getrap en hulle uitgebuit het, maar Hy het gekom om te dien. Hy dien tot die laaste toe deurdat Hy sy lewe gegee het as 'n losprys. Sy dood beteken vir ons die ewige lewe.
*Sing: Psalm 116:9 Prof SCW Duvenage (Emeritus)*